

# 7 weke

AS SINSOEKERS

2021



## DIE ONTNUGTERDE PROFEET

### Jona 4:1-11

#### Die uile van Minerva

- Die filosoof Hegel het gesê “die uile van Minerva vlieg uit as die aandskemering daal”. Minerva is die Romeinse godin van wysheid en die uitspraak van Hegel sinspeel daarop dat die soeke na wysheid tipies ‘n aktiwiteit van die nag is. Wanneer dit swaar gaan en tye donker en onseker is begin ons dikwels die belangriker en dieper vrae vra na sin en betekenis. “Sinsoekers” beskryf ons in ons diepste menswees. Ons wil in hierdie Sewe Weke geoefen raak daarin om betekenis te vind in God se wêreld en in Sy Lig.
- ‘n Sinsoeker kan met ‘n ontdekkingsreisiger vergelyk word. Op ongekaarte terrein ontdek die reisiger die landskap in al sy geskakeerdheid en teken dan die kaart sodat ander dit kan volg.
- Seker die belangrikste eienskap (en beslis die eerste) van ‘n ontdekkingsreisiger is NUUSKIERIGHEID. “Wat is daar ander die horison?” Of, in geloofstaal, “Waarmee is God daar besig?” Die volgende is om OPLETTEND te wees en soek vir bakens

waaraan jy jou kan oriënteer. In die taal van die geloof: “Waarvan kan ek seker wees?” En nadat die ontdekkingsreisiger hierdie bakens op ‘n kaart neergesit het, volg die laaste vraag: “Wat kan ek nou in hierdie nuwe land doen?” Of in die taal van die geloof: “Hoe kan ek en God sáám hier woon en betekenis uitdeel?”

#### Jona die anti-profeet

- Profete in die Ou Testament was by uitstek “sinsoekers” wat God se wêreld deur die lens van God se werk in die geskiedenis moes interpreteer en as’t ware die kolletjies moes verbind. Dis of iets met God se aanstellingsprosedures verkeerd geloop het, want Jona is duidelik nie gekwalifiseer nie en in soveel opsigte eerder ‘n anti-profeet. Hy toon geen belangstelling in die werk nie. Wanneer God hom roep om ‘n oordeelsboodskap aan Nineve te bring, dink hy nie eers verskonings uit soos sommige van die ander profete nie. Hy sorg dat hy onmiddellik in die teenoorgestelde rigting vlug as waarheen God hom roep (Nineve is

in die huidige Irak, Tarsis is in die huidige Spanje). En waar elke profeet in die Bybel maar net te bly sou wees as iemand na hulle boodskap luister en daarop reageer, is Jona se reaksie die teenoorgestelde. As 'n profeet is hy eintlik 'n reuse-sukses – 120000 mense kom tot bekering. Die hele stad verander ten goede. Maar Jona is hierdeur so ontnugter, hy wil eerder sterf. Waar ander profete die Here sal loof soos 'n Psalmidigter vir sy genade en lankmoedigheid, verwyf Jona God daarvoor.

- Dis dan juis ná die bekering van Nineve waar ons Jona regtig leer ken as iemand wie se wêreldjie om homself draai en so groot is soos die skaduweekolletjie onder 'n komkommerplant. Rembrandt (sien hieronder) beeld hom uit in sy mismoeidigheid omdat dit dalk kan lyk of hy deur God vir 'n gek gehou is (hy het dan verkondig Nineve gaan vernietig word en toe gebeur dit nie).
- Ons leer ken hom as iemand met intense weerwil in die genade van God en intense afkeer van mense wat anders is as hy. Hy sou eerder met “schadenfreude” wou sit en toekyk hoe die stad in vlamme opgaan as om te moet toekyk hoe mense wat nie deel is van die volk van God nie, nou in die arms van God ingenooi word.

### Lankmoedig met Jona

- God se oneindige deernis vir 'n stad met sy mense én sy diere lyk na die hooftema van hierdie verhaal. Maar op die ou end is God se werk nie klaar wanneer Hy Nineve in sy arms kon intrek nie. Jona is nog soek. Jona wat nie kan verstaan dat God nie al die mense haat wat hy haat nie. Jona wat wonder of dit dan ooit die moeite werd is

om die Here te dien en of vlug van God af nie maar die beste is nie. Soos die oudste seun wat die vergifnis van die jonger seun gadeslaan en soos die werkers in die wingerd wat moet toekyk hoe die wat net 'n uur gewerk het, dieselfde vergoeding kry, so wonder Jona hoekom dien hy dan vir God as die mense van Nineve kon leef soos hulle wil en dan net jammer sê en alles lyk weer reg?

- Jona leef in 'n klein wêreldjie wat net om homself draai en wat hy nòù voel. As hy skaduwee het is hy tevrede en bly. As 'n wurm die plant eet, wil hy doodgaan. God wag vir Jona om op te kyk, rond te kyk en te sien wat kan gebeur as 'n mens begin soek na sin en agterkom dat jy daar is om dit uit te deel.
- Dink net wat kan gebeur as ons ophou om God te probeer draai na ons vooroordele toe en in plaas daarvan opkyk en gedraai te word na Sy wêreld toe.

